**1 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 1:1-31**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:1, 2, 26**

## Die Goddelike gemeenskap van Drie-eenheid skep die wêreld om daarmee in onderlinge gemeenskap (verhouding) te tree

Die beginsel van onderlinge gemeenskap leer ons hoe God bestaan. Die geheimnisvolle bestaan van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees as een wese in drie persone wat in onderlinge Goddelike gemeenskap met mekaar staan, openbaar die noodsaak van onderlinge gemeenskap ook tussen geskape dinge. Die Bybel leer ons dat hierdie Goddelike gemeenskap ook na vore kom in die wyse waarop God sy skeppingswerk doen. God die Vader, skep in en deur God die Seun, deur die lewewekkende teenwoordigheid van God die Heilige Gees (Gen. 1; Joh. 1:1-3).

God het die skepping tot stand gebring met die doel om in onderlinge gemeenskap met Hom te staan. So leer ons in Psalm 19 dat die skepping stemloos met sy skoonheid en prag van God getuig, en Psalm 104 eggo dit verder deur daarop te wys dat hierdie skepping vir God vreugde bring.

God wou egter nog intiemer gemeenskap met sy skepping hê. Daarom word die mens as beelddraer en verteenwoordiger van God hier op aarde geskep. Die mens word geskep met sy verstand, wil en emosie om God te kan ken, Hom lief hê, te gehoorsaam, met Hom te kan kommunikeer en so in gemeenskap met Hom te kan tree.

Hierdie skeppingsorde van God om gemeenskap met Hom te hê, is ook my en jou opdrag. Ons kan nie maar net bestaan om ons eie lewe te leef en ons eie doelwitte na te jaag nie. Ons is hier om in gemeenskap met God te leef. Elke dag se bestaan word juis sinvol wanneer ons aktief beelddraers en verteenwoordigers van God is in alles wat ons doen en wat ons sê. Wanneer ons dit nie besef en leef nie, vermors ons ons Godgegewe lewe.

*Sing: Psalm 104:1, 17, 18, 19, 20*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*